

# DIE SIN VAN DIE NIEU-TESTAMENTIESE ESKATOLOGIE\*

Deur Prof. Dr. S. P. J. J. van Rensburg

## 1. Inleiding : Wat is Eskatologie?

Eskatologie is die leer van die laaste dinge. Dit handel oor die eschata. In die algemene gebruik het **eschatos**<sup>1</sup> die betekenis van saaklik, ruimtelik of tydelik die laaste te wees. In die betekenis van tydelik die laaste te wees, word die woord gebruik in religieuse sin, om die laaste dinge van hierdie wêreld te beskryf, wat uitloop op die telos, die end of einddoel, die voleinding van hierdie wêreld. Die eskatologie is nie tot die Bybelse godsdiens beperk nie. Alle eskatologie bevat twee elemente: hierdie wêreld gaan verby, en 'n beter wêreld kom. Hierdie verwagting leef uit die geloof dat die onvolkome wêreld wat ons ken, nie die hoogste of enigste kan wees nie. Die eskatologie is 'n prediking in profeties-voorspellende vorm, waarvan die inhoud is: die verbygaan van die oue wêreld, en die kom van 'n nuwe wêreld. 'n Belangrike element van die eskatologie is die verwagting van 'n wêreld-heiland, soos ons dit bv. vind in die Parsisme, die Islam, die Jodendom en die Christendom.<sup>2</sup> Kenmerkend van die eskatologie is dat dit veral in tye van nood en rampe opleef en die volk bewaar vir geestelike insinking.

Die Nieu-Testamentiese leer van die laaste dinge beskrywe die tekene, die kosmiese katastrofes wat aan die wêreld einde voorafgaan, en dit aankondig, asook die tussentoestand van die gelowiges tussen sterwe en opstanding, die wederkoms van Christus, die opstanding van die dode, die laaste oordeel en die voleinding van die eeue, en die vernuwung van die skepping. In die Nuwe Testament is die beheersende middelpunt van alle eskatologie die lewende, verheerlikte Christus self, in wie God beslissend gehandel het in die geskiedenis, en deur wie God die skepping tot sy einddoel voer. Hierdie Christus het gekom as die verwagte Messias, maar Hy het gesterwe aan die kruis; Hy is opgewek uit die dode, het opgevaar na die hemel, vanwaar Hy verwag word om die einddoel van God te vervul en

---

## DIE SIN VAN DIE NIEUW-TESTAMENTIESE . . . . .

\* Voorgedra by die opening van die Teologiese Fakulteit, Afd. A aan die Universiteit van Pretoria. 15 Februarie 1966.

1. *Theologisches Wörterbuch zum Neuen Testaments*, von G. Kittel, II, 693 ff. oor eschatos.
2. Vgl. in *Bybelsch-Kerkelijk Woordenboek*, dr. H. Th. Obbink oor Eskatologie in die Afdeling Godsdienstwetenschap, bl. 78 v.

die eeue te voleindig. Vir ons beteken die eskatologie dus die verwagting van die toekoms van Jesus Christus en die heil wat Hy bring vir die enkeling en die Godsvolk, ja vir die hele skepping.

## 2. Karakteristiek van die Nieu-Testamentiese Eskatologie

Om nou die eskatologie van die Nuwe Testament te verstaan, moet ons vashou aan die werklikheid dat die God van die Bybel die Skepper en Heer van alle dinge is, en dat Hy met Sy skepping en skepsels 'n goddelike doel het, en dat die geskiedenis die weg is waarlangs Hy sy skepping na sy doel voer. Daarom moet alles in die Nuwe Testament in die lig van hierdie doel gesien word. Die geskiedenis is Godsgeskiedenis. Daarom spreek die Bybel as dit van God spreek, nie in die eerste plaas van sy attribute of sy wese nie, maar van sy daade en die doel van sy daade. So is dit ook met die Christologie. Die Nieu-Testamentiese vraag: Wie is Christus? is nie in die eerste plaas 'n vraag na die twee nature van Christus nie, maar die vraag: Wat is sy funksie? Hoe openbaar God Homself in Christus? Hoe handel Hy in Christus? So verteenwoordig die antwoorde wat die Nuwe Testament op hierdie vraag gee, altyd weer die persoon en werk van Christus. Die kerk het later ook wel in sy Christologiese stryd gespreek oor die heilswerk van Christus, maar het onder invloed van die Griekse denke dit gedoen onder die gesigspunt van die twee nature van Christus.<sup>3</sup> Hierdie stryd oor die nature van Christus is eintlik 'n Griekse probleem, en nie 'n bybelse probleem nie. Toe hierdie probleem éénmaal gestel was moes die kerk daarop 'n antwoord gee. Maar die God van die Bybel is nie 'n God van statiese „syn” nie, maar die lewende God wat die Skepper is, die God wat handel. Hy is die God wat beslissend gehandel het in die persoon en werk van Jesus Christus, om die verwerkliking van sy einddoel te verseker. Die hele verloop van die geskiedenis word in die Bybel beskryf as gewil en bestuur deur God. In ooreenstemming hiermee kan die bybelse beskouing van die wêreldgebeure beskryf word as dualisties-dramaties. Dit is dualisties. D.w.s. dat die geskiedenis gekenmerk word deur 'n stryd van Christus teen die magte van die duisternis. So word dan ook die koms van die koningsheerskappy van God beskryf onder die motief van stryd. Die koningsheerskappy van God word gevestig, deurdat Christus die werke van die duiwel verbreek, die demone verdryf, en die mense verlos uit die slawerny van

---

3. Vgl. Oscar Cullmann, *Die Christologie des Neuen Testaments*, 2te Auflage, 1958, S. 3 ff.

die Bose. Hierdie stryd is in beginsel beslis deur die dood en opstanding van Jesus Christus. As Verhoogde en Verheerlikte gaan Christus voort om die vyandige magte op te ruim, totdat by sy wederkoms sy oorwinning ten volle aan die lig sal tree. Die bybelse geskiedenisbeskouing is ook dramaties: d.w.s. dit is eenmalig, doelgerig, dit gaan sy ontknoping, sy voleinding tegemoet.

Die bybelse beskouing van die geskiedenis is nie soos die Griekse denke geïnteresseerd in die kennis van immanente kragte wat in die geskiedenis werk nie, maar is wel geïnteresseerd in die doel en plan van God, wat as die Skepper ook die geskiedenis beheers en die geskiedenis na sy doel voer. As gevolg hiervan het ook die gedagte ontstaan van 'n alles-omvattende plan van God met die geskiedenis. Hierdie plan van God is o.a. in die Joodse Apokaliptiek uitgebeeld in die tydschema van die twee aeone wat mekaar opvolg. Die Christendom het hierdie tydschema oorgeneem om sy eie verwagting van die toekoms van Jesus Christus te skilder. Volgens hierdie plan sal God sy volk en sy skepping na 'n heilryke toekoms lei. Dis nie 'n toekoms wat die mensekinders vir hulle self uitgekies het, en self moet verwerklik nie, — maar dis die toekoms van God, wat Hy self verkies het, en in beginsel deur Jesus Christus verwerklik het, 'n toekoms wat Hy in die tussentyd tussen hemelvaart en wederkoms van Christus besig is om te voleindig.

In die Ou Testament was hierdie toekomstige heil aan die begin voorgestel as 'n heil in hierdie wêreld. Die heil kom op die aarde na die herstel van Israel en die heidene toe wat hulle tot God bekeer. Die toneel van die heil was hierdie aarde. Maar die harde slae wat Israel in sy nasionale bestaan getref het, het sy hoop op 'n heil op aard, laat kwyn. Maar die geloof in God die Skepper en Heer van die geskiedenis het hierdie slae oorleef. Deur die rampe wat Israel in sy nasionale bestaan getref het, is hy gelei tot die geloof in 'n transendente heil wat nie van hierdie wêreld is nie. Hierdie wêreld, hierdie aion behoort aan die heidene. Hier word die godsvolk verdruk en gesmaad. Maar langs die weg van swaarste lyding en diepe teleurstelling het God sy volk gebring tot die verwagting van 'n transendente heil, 'n hemelse vaderland, en tot die geloof in die opstanding om hierdie hemelse vaderland te kan beërwe. Hierdie verwagting van die hemelse vaderland, die hemelse stad en tempel is in die laat-Jodendom uitgebeeld in die felle kleure van die Joodse Apokaliptiek. Dit alles het gedien as voorbereiding vir die Christendom wat hierdie gedagtes en voorstellinge van die Joodse Apokaliptiek

tiek oorgeneem het, en aan sy eie openbaring diensbaar gemaak het, — die openbaring nl. van 'n transendente, eskatologiese heil. So is die Koninkryk van God wat Jesus verkondig het, eskatologiese tyding. Daarom beskou die oudste gemeente sig ook nie meer as gestalte slegs van die menslike geskiedenis nie, maar ook as gestalte van die eschaton. Met die koms van Christus het die nuwe wêreld reeds aangebreek, vgl. Matt. 12 : 28. Die Christelike gemeente wat op Pinksterdag die Heilige Gees ontvang het, is die eskatologiese gemeente van die eindtyd, vgl. Hand. 2 : 17; Joël 2 : 28-32; hierdie eskatologiese gemeente wat reeds aanwesig is, is niks minder nie as die voorpunt van die nuwe wêreld wat reeds aangebreek het. En hulle ervaar dat die einddoel van God, nl. die koningsheerskappy van God in beginsel reeds bereik is deur die sterwe en opstanding van Jesus Christus. Die Christelike kerk wag nou in die tussentyd met groot verlange op die volle openbaring van hierdie godsheerskappy; want met die wederkoms van Christus sal die koningskap en die heerlijkheid wat nou nog verborge is, in sy volle krag deurbreek. Dan sal daar niks meer wees wat die wil en die heerskappy van God sal weerstaan nie. Dan is God weer alles in almal, I Kor. 15 : 28. Dan is die einddoel van Gods weë bereik. Dan vind die verlostes hulle volle saligheid in die ewige lewe, in die ongestoorde gemeenskap met God.

As ons nou die eskatologiese doelgerigtheid in die Bybelse opvatting van die geskiedenis gaan vergelyk met verskillende buite-bybelse en sekulêre opvattinge van die geskiedenis en die eskatologie soos hulle in die loop van die eeue tot uitdrukking gekom het, kan ons die geweldige dinamiek en die troosvolle sin van die bybelse opvatting eers reg waardeer. Ons noem enkele voorbeelde van sulke opvattinge van die geskiedenis.

As eerste voorbeeld neem ons die kosmologiese eskatologie, waarvolgens wêreldperiodes mekaar siklies opvolg. Hier is die gang van die tyd nie 'n bestendige en doelgerigte voortgang nie. Dit bevat geen beslissende en sinvolle eenmaligheid nie, maar bestaan in 'n kringloop, waarin ondergang en nuwe ontstaan mekaar siklies opvolg volgens onwrikbare vaste wette. So was dit bv. by die Stoïsyne met hulle leer van die wêreldbrand (ekpurosis). Die wêreld gaan onder in 'n wêreldbrand, en in die brand gaan dit op in die godheid, en uit die godheid kom dit weer te voorskyn as 'n nuwe wêreld. Die nuwe wêreld is dan weer 'n herhaling van die ou wêreld.<sup>4</sup> Hier kan daar van 'n egte, doelgerigte en sinvolle eskatologie geen sprake wees nie,

---

4. Vgl. A. M. Brouwer, *Wereldeinde en Wereldgericht*, 1928, bl. 15 vv.

en is dit sinloos om na die doel en die sin van die geskiedenis en van die wêreldverloop te vra. Die wêreld wentel soos 'n malle mole van 'n blinde wetmatigheid voort. Die gedagte van die Skepper en Voleinder is hier volkome ondenkbaar.

Maar in die loop van die eeue is ook die Christelike gedagte van die eskatologie op verskillende maniere gesekulariseer en daarmee geneutraliseer. By die Renaissance was dit nie God wat die geskiedenis beweeg nie, maar die mens.<sup>5</sup> In die Verligting was die hoofstrekking die sekularisering van die hele menslike lewe en denke, dus ook van die eskatologie. By Kant vind ons wel die idee van 'n doelgerigte voortgang, maar die doel is nie 'n ryk van God as 'n gelukstoestand, wat aan die geskiedenis onthewe is nie, maar die ryk van God as 'n etiese gemenebes op aarde.<sup>6</sup> Kant se geskiedenisbeskouing is dus 'n moralistiese sekularisering van die Christelike **teleologie** van die geskiedenis en die eskatologie. By Hegel is die sekularisering van die Christelike geloof bewus deurgevoer, en is die heilsgebeure geprojekteer op die vlak van die wêreldgebeure. Daarom is die doel van die geskiedenis nie 'n eskatologiese toekoms nie, maar die hede self, waarin die menslike gees tot sigself kom in die wysgerige denke. Ook Marx sien die geskiedenis verloop as 'n logiese noodwendigheid. Maar by hom is die materie, (nie die menslike gees nie) die bewegende krag. Alle historiese verskynsels het, volgens Marx hulle oorsprong in ekonomies-sosiale verhoudinge. Die proletariaat is hier die draer van die toekoms, waarin alle ekonomiese kwellinge en klasse-teenstellings sal verdwyn. By Marx word die gedagte van 'n doelgerigte geskiedenis en eskatologie wel vas gehou, maar vanuit die standpunt van die historiese materialisme geheel gesekulariseer.

In die 19de eeu het die geloof in die vooruitgang wydverspreide wêreldbeskouing geword, en is die Christelike geloof vervang deur die geloof in 'n grenslose vooruitgang, wat a.h.w. vanself tot stand kom, saam met die voortsnydende wetenskap en tegniek, en die daarmee gepaard gaande natuurbeheersing.<sup>7</sup> Die sin van die geskiedenis lê in die toenemende geluk op aarde. Hierdie vooruitgangsgeloof was a-Christelik, selfs anti-Christelik. Die gedagte van 'n eskatologiese voleinding is vervang deur 'n optimistiese geloof aan die steeds toenemende geluk van die mensheid op aarde.

---

5. Vir hierdie en die volgende voorbeelde van die sekularisering van die geskiedenis en die eskatologie vgl. R. Bultmann, *Eeuwigheid, hier en nu*, *Geskiedenis en Eschatologie*. Vertaald en ingeleid door dr. J. M. de Jong. Erven J. Byleveld, Utrecht, bls. 74 vv.

6. Bultmann, op. cit., bl. 85.

7. Vgl. Bultmann, bl. 89 vv. en A. M. Bouwer, *Wereldeinde*, bl. 6 vv.

Maar hierdie optimisme het ineengestort, en is plus-minus sedert 1880 vervang deur 'n gees van nihilisme en pessimisme, wat gebore is uit die neerdrukkende besef dat die materiële vooruitgang sinloos is, — sodat bv. Baudelaire geoordeel het : die wêreld gaan sy ondergang tegemoet. En veral na twee wêreldoorloë moes hierdie optimistiese vooruitgangsgeloof plek maak vir 'n somber pessimisme en het 'n gesug hoorbaar geword om verlos te word van die grondelose pessimisme van hierdie geïndustrialiseerde, gemeganiseerde en ontluissterde wêreld.<sup>8</sup> En die pessimistiese oordeel van Erich Frank is, dat dit die uitsonderlike ironie van ons tyd is dat alle vooruitgang in wetenskap en beskawing, ja ook in moraal en sosiale besef tenslotte kan verander in middele tot oorlog en vernietiging. In dieselfde mate waarin die mens deur sy verstand geleer het om die natuur te beheers, het hy die slagoffer geword van die katastrofes van die geskiedenis.

Onder invloed van die natuurwetenskap het sommiges die geskiedenis opgevat as natuurgeskiedenis. By so 'n opvatting kan daar nie na die sin van die geskiedenis gevra word nie en van eskatologiese voleinding kan dan ook geen sprake wees nie.

Soos verwag kon word het hierdie geestelike strominge nie sonder invloed aan die teologie en die kerk verby gegaan nie. In hierdie verband 'n opmerking oor R. Bultmann se gebruik van die begrip „eskatologie”. Dit het by hom nie die bybelse betekenis nie, as hy sê dat die sin van die geskiedenis altyd weer in die hede lê. En as die hede deur die Christelike geloof as eskatologiese hede verstaan word, is die sin, die bestemming van die geskiedenis verwerklik.<sup>9</sup> As Bultmann die eskatologie aandui as „ewigheid, hier en nou”, dan lyk dit asof hy daarmee een of ander gerealiseerde eskatologie bedoel, of liever 'n eskatologie wat sig in die hede van oomblik tot oomblik realiseer, waardeur die eskatologie beroof word van sy bybelse betekenis as die toekoms van ons Here Jesus Christus, as 'n toekomstige gebeure by die voleinding van die eeue. Beide vir Dodd met sy gerealiseerde eskatologie en vir Bultmann met sy herinterpretasie van die bybelse eskatologie, verval die toekomspektief van die eskatologie.

Net soos in Bultmann se ge-re-interpreteerde eskatologie is daar ook, sowel by Dodd se gerealiseerde eskatologie, as in Schweitzer se tydlose Christus-mistiek geen plek vir die eskatologie as 'n gebeure wat nog in die toekoms verwag word nie, —

---

8. So Brouwer, *Wereldeinde*, bl. 13 v.

9. Bultmann, *Eeuwigheid*, bl. 186.

dus ook geen verwagting van die wederkoms van Christus as 'n gebeure wat nog in die toekoms lê nie.

As ons hierdie hele sekulariseringsproses in die beskouing van die geskiedenis en die eskatologie gaan vergelyk met die bybelse leer van die sin en doel van die geskiedenis dan besef ons eers hoe fataal en verlamdend hierdie sekulariseringsproses moes ingewerk het op die geloofslewe van die Christelike kerk, en hoe so die hele bestaan van sy sin en doel en uitsig beroof moet word. Die bybelse beskouing van die geskiedenis en die eskatologie is onversoenbaar met al hierdie opvattinge, want dit gee 'n geheel ander blik op die geskiedenis en die voleinding daarvan.

### **3. Inhoud en vorm van die Nieu-Testamentiese Eskatologie**

Na die voorafgaande karakteristiek van die Nieu-Testamentiese eskatologie, wil ons enkele opmerkinge maak oor die verstaan en die beskrywing van die inhoud daarvan, en oor die probleme in verband met hierdie beskrywing. Om die Nieu-Testamentiese verkondiging in sy volle diepte te verstaan, moet ons dit steeds sien in die lig van die goddelike einddoel. Ons kan dit noem die eskatologiese gerigtheid van die Nieu-Testamentiese kērugma in alle dinge.

Maar as ons nou hierdie einddoel van God na die inhoud wil beskrywe, dan vind ons dat nêrens in die Nuwe Testament 'n uitspraak of 'n oorsigtelike beskrywing gegee word, wat die inhoud van hierdie einddoel van God beskrywe nie. Verskillende aspekte daarvan word wel om die beurt beskrywe, maar nêrens kry ons 'n volledige definisie van wat die einddoel van God met die skepping en die geskiedenis is nie. Nêrens word dit deur middel van 'n eenvoudige voorstelling duidelik en omvattend beskrywe nie, al word dit voortdurend veronderstel. Die bybel gebruik hiervoor om die beurt een of ander beeld of skildering of voorstelling uit 'n groot getal van voorstellinge. Dit skep hier uit die beeldtaal van die Joodse Apokaliptiek. Daarom is dit so moeilik om 'n duidelike oorsig te kry van die inhoud en omvang van die bybelse eskatologie. Wat ons hoogstens kan doen is om om die beurt van een of meer van die voorstellinge gebruik te maak, vir die beskrywing van die eskatologie, en om so goed as moontlik die verskillende voorstellinge tot 'n samehangende beeld te verenig.

'n Verdere probleem vir die regte verstaan van die Nieu-Testamentiese eskatologie is dat die geheel-andere transendente werklikheid, waarmee die eskatologie besig is, nie met menslike

taal en begrippe uit die tyd-ruimtelike wêreld voldoende beskryf kan word nie. Die dinge van die ewigheid kan nie adekwaat beskryf word, deur van begrippe en voorstellinge uit die tyd-ruimtelike wêreld gebruik te maak nie. Daarom gebruik die Nuwe Testament graag hiervoor die apokaliptiese beeldtaal. Hierdie apokaliptiese beeldtaal wil nie letterlik verstaan word nie, maar moet na sy strekking en bedoeling vertolk word. Daarom word die inhoud van die eskatologie deur die apokaliptiese beelde en voorstellinge eerder aangedui as duidelik beskrywe. En daarom word die onbeskryflike en geheel-anderse aard van die transendente eskatologiese heil dikwels ook met voorliefde tot uitdrukking gebring, deur in die beskrywing daarvan van negatiewe gebruik te maak. Die geheel-Andere van die eskatologiese heil kom dan tot uitdrukking deur te sê hoe dit nie is nie. Ons herinner hier aan die woorde van Paulus in I Kor. 2:9: „Wat die oog nie gesien het nie, en die oor nie gehoor het nie, en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.” Veelseggend is sulke negatiewe uitsprake bv. in Openbaringe 21:1; 21:4, 25, 27; 22:3, 5, ens. Vgl. ook I Kor. 13.

Nieteenstaande die bogenoemde probleme i.v.m. die beskrywing en verstaan van die Nieu-Testamentiese eskatologie na die inhoud, kan ’n mns tog probeer om die eintlike kern van die eskatologie aan te dui. Om dit te kan doen moet ons daarvan uitgaan dat God as Skepper en Heer van alle dinge ’n goddelike doel het, en dat Hy as die lewende werkende God langs die weg van die geskiedenis hierdie doel verwerklik en voleindig. Hierdie einddoel van God kan bv. respektiewelik geformuleer word met die oog op God, op Christus, op die skepping of die heil van die mens. Dit kan dus teologies, Christologies, kosmies of soteriologies beskryf word.

Die inhoud van die eskatologie kan bv. beskryf word as die aanneming tot kinders van God, as die voleinding en ewige duur van die koningsheerskappy van God, as die ewige lewe, as die hemelse erfenis, as die hemelse land en stad en tempel, as die godsvolk van die Nuwe Verbond wat die beloofde rus in die beloofde land ingaan, as die soteria, wat nie ’n tydlose saligheid is nie, maar die eskatologiese redding uit die laaste oordeel, ens.

#### **4. Die kategorieë of denkskemas van ruimte en tyd in diens van die eskatologie**

Die aard en inhoud van die Nieu-Testamentiese eskatologie word ook uitgebeeld deur die denkvorme van die ruimte en die tyd. Dit wil sê dat enersyds gebruik gemaak word van die skema



van die ruimte, wat 'n verganklike onvolmaakte wêreld hier benede stel teenoor die ewige volmaakte wêreld daarbo. Ander syds word die eskatologiese heil beskryf met behulp van die tydskema, waarin die teenstelling nie hier en daar(bo) is nie, maar „nou” en „dan”.

Die skema van die tyd word gebruik om die teenwoordige en toekomstige wêreld teenoor mekaar te stel. Hier word gespreek van die daad van die lewende God in verlede, hede en toekoms. Hy gaan voort van daad tot daad, en voer die geskiedenis na sy bepaalde doel. Hierdie skema van die tyd is 'n erfenis van die Israelitiese denke, bepaaldelik die Joodse Apokaliptiek. Hier volg twee aeone of wêreldbedélinge mekaar op. Die teenswoordige wêreld, die olam hazzè, die aion houtos is in die mag van die Bose, wat die vors van hierdie wêreld genoem word. Maar hierdie wêreldbedéling word afgelos deur die olam habbā, die aion mellon, of aion erchomenos, die toekomstige wêreld, wanneer die beloofde heil verwerklik sal word. Vir die Christelike gemeente het die nuwe aion reeds aangebreek met die koms van Christus. As Christus optree en die demone verdryf en die werke van die duiwel verstoort, dan is Christus daarin reeds besig om die koningsheerskappy van God te vestig. Daarom kon Jesus, volgens Matt. 12 : 28 sê : Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom. En as Jesus se dissipels hom berig dat die bese geeste hulle onderwerp het in Jesus se naam, dan sê Jesus volgens Lk. 10 : 18 : „Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val”. En met die Christelike gemeente wat op die Pinksterdag die Heilige Gees ontvang het, is die eskatologiese gemeente van die eindtyd reeds aanwesig. Want volgens Hand. 2 : 17 sou „in die laaste dae” die profesie van Joël 2 : 28-32 in vervulling gaan : die uitstorting van Gods Gees op alle vlees. Die nuwe aion is reeds daar; die Christene is a.h.w. die voerpunt van die nuwe skepping, vgl. Rom. 8 : 23 v. Ons is gered, maar gered in hoop : d.w.s. in die tussentyd tussen hemelvaart en wederkoms gaan ons die voleinding van die nuwe aion tegemoet. Die koningskap van Christus is in die tussentyd nog verborge; maar met die voleinding van die eeue sal dit met volle mag en glorie aan die lig tree.

Die skema van die tyd hou ook dit in, dat die daad van God in die geskiedenis gekenmerk word deur sinvolle, doelgerigte eenmaligheid. Die doel van God moet een of ander tyd bereik word. Hiermee sal die geskiedenis tot 'n end kom. Die einde van Gods weg is die vervulling; Die nuwe aion is dus reeds daar, maar ons wag nog op die voleinding, wat deur die Nuwe Testa-

ment ook aangedui word as die „toekoms van ons Here Jesus Christus” of as die voleinding van die wêreld”, vgl. Matt. 12 : 39, 40; Matt. 28 : 20 e.a.p.

Die skema van die tyd sluit dus ook in die gedagte van die einde. Maar as ons praat oor die end van hierdie wêreld, die end van die geskiedenis, dan moet ons dit doen met twee voorbeelde :

(1) Ons moet die einde nie voorstel as 'n willekeurige, en sinlose einde nie. Die gedagte van die einde, die eschaton het alleen dán betekenis, wanneer dit insluit dat die einddoel van God volkome bereik is. God wat die proses van die hele wêreld-geskiedenis bestuur, bepaal ook wanneer die einde is, vgl. Mark. 13 : 32.

(2) Tweede voorbehoud : Aangesien hierdie einde verbind is met die einddoel van God, kan dit nie 'n absolute einde sonder meer wees nie, maar dit word opgevolg deur die geheel-andere transendente werklikheid van die nuwe aion. In die proses van die tyd loop wel ten einde : die sonde van die mense, die rebellie van bese magte en die gevolge daarvan in die wêreld. Maar die skepping wat deur God gemaak is, en wat volgens Rom. 8 : 19-22 ook sug en verlang na die verlossing, sal nie vernietig of aan die mag van die Bese prys gegee word nie, maar dit sal vernut en verheerlik word, (vgl. Openb. 21 : 1, 2, 5) en in analogie hiermee ontvang die gelowiges ook die verheerlikte opstandingsliggame.

Maar die eskatologie van die Nuwe Testament maak ook gebruik van die denkvorm van die ruimte om die geheel-andere transendente werklikheid van die voleinding te beskrywe. Bo hierdie wêreld wat ons ken, is die hemelse wêreld daarbo. Ons noem enkele voorbeelde : Hebr. 11 : 16v. : Die gelowiges van die Ou Testament wat vreemdelinge en bywoners op aarde was, verlang na 'n betere hemelse vaderland, daarom het God vir hulle 'n stad berei. Die apostel Paulus stel in Gal. 4 : 26 teenoor die Jerusalem wat saam met haar kinders in slawerny is, die Jerusalem daarbo, wat vry is. In Filip. 3 : 20 spreek Paulus van ons burgerskap wat in die hemele is. Die vaderhuis met die baie wonings waarvan Jesus spreek in Joh. 14 maak ook gebruik van die denkskema van die ruimte, om die eskatologiese heil te beskrywe.

Hierdie ruimtelike voorstelling van die hemelse land en stad en tempel, teenoor die aardse hier benede is nie noodwendig 'n vergrieksing van die eskatologie, soos sommige geleerdes

meen nie. Daar is wel enkele uitsprake, bv. in Hebreërs wat ons laat dink aan die tipiese Platonisme van Filo, waarvolgens die ideë in die hemel die ware werklikheid vorm, en daarvan is die wêreld van die aardse dinge slegs die swakke skadubeelde. Ons noem enkele voorbeelde.<sup>10</sup> Volgens Hebr. 8 : 5v. het die aardse hoëpriesters 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het. Want Hy (God) het gesê : „Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.” In Hebr. 9 : 23 : „Dit was dus nodig dat die **afbeeldinge van die dinge in die hemele** deur hierdie offers gereinig word, **maar die hemelse dinge self** deur beter offers as hierdie. Hier is daar 'n formele ooreenkoms met die Platoniese skema van denke, nl. van die ewige wêreld van die onverganklike en onbeweeglike dinge daarbo, waarvan die laere verganklike wêreld slegs die skadubeelde is. Spore van Alexandrynse voorstelling in Hebreërs kan nie ontken word nie. Maar die ruimteskema van Hebreërs en van die hele Nuwe Testament is nie die Grieks-Platoniese nie. Want hier is daar geen sprake van 'n ewige statiese „syn” van ideë daarbo en afbeeldinge hier benede nie; nie sprake van 'n ewige orde wat altyd dieselfde bly nie. Hier is ons ver verwyder van die tipies Griekse beskouingswyse van 'n metafisika sonder geskiedenis. Die God van die Bybel is die Skepper en Heer van alle dinge, van die tyd en van die ruimte. Hy is die lewende God wat handel, wat voortgaan met sy werk, na 'n bepaalde doel. Die Israelities-Joodse tydskema is in die Nuwe Testamentiese eskatologie egter van oorheersende betekenis : God is deur die geskiedenis heen opweg na die voleinding van die eeue. Volgens bybelse opvatting is daar in hierdie doelgerigte tydskema noodwendig 'n organiese verband tussen geskiedenis en eskatologie : Die geskiedenis is die weg wat God gaan, om sy Skepping en sy skepsels na die telos, na die einddoel te voer.

##### 5. Slotopmerkings : Eskatologie en verkondiging

Die tussentyd tussen hemelvaart en wederkoms het 'n eie betekenis. Maar in hierdie tussentyd moet die lewe van die Christen in alles op die eskatologiese toekoms gerig wees. Dit het 'n teleologie; dit sien uit na 'n doel wat buite die tyd in die ewigheid lê. Dis die doel van God om vir ons 'n toekoms te verseker, 'n transendente heil wat nie van hierdie wêreld is nie. Wie hierdie transendente heil wil wegsyfer as onaannemlik vir die ver-

---

10. Vgl. G. Sevenster, *Christologie*, bl. 250. Volgens H. J. Holtzmann, *Lehrbuch der Neutestamentlichen Theologie*, II, 1911, S. 329 ff beweeg die hele wêreldbeskouing van die Hebreër binne die metafisiese teenstelling van idee en verskyning, ewige en eindige, hemelse en kosmiese, oerbeeld en afbeelding, vgl. bls. 331 vv.

stand en denke van die moderne mens, moet dit bedink dat om dit te kan doen, hy drastiese veranderings sal moet aanbring aan die kērugma van die Nuwe Testament, ja aan die onderrig van Jesus self. Die toekoms, die saligheid wat God vir ons wil verseker, is nie maar net om ons in staat te stel om in 'n relatiewe volmaaktheid, of in ideale omstandighede hier op die aarde te lewe nie. Hierdie toekoms is meer as die koninkryk van die „Social Gospel”. Dis onverkort die Koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie, die transendente heerlikheid, buite die tyd, in die ewigheid. Ons burgerskap is in die hemele, Fp. 3 : 20. Daarom kan die kerk en die gelowige sig nie vergenoeg met die ontvouing van 'n sosiale en Christelike program, of met die vormgewing van die gemeenskapslewe in hierdie wêreld nie. Die tyding van hierdie eskatologiese heil is die antwoord wat die Evangelie gee op alle vorme van Liberalisme, wat die betekenis van die Christelike geloof slegs sien as toerusting vir 'n nuttige aardse lewe.

Wie die eskatologiese perspektief prysgee, wie hierdie transendente einddoel laat vaar, verval in 'n moralistiese vervlakking of in 'n troostelose pessimisme, want hy gee die hoop en troos van die Christelike geloof prys, en soek op sy beste die koninkryk wat van hierdie wêreld is. Hy laat die transendente werklikheid waarop die Christelike hoop (elpis) sig rig, los, en vergenoeg sig met 'n koninkryk van „diesseitige” menslike doeleindes. Dit is dan die koninkryk van die „Social Gospel” wat nie kom as 'n verlossing van sonde en skuld en ewige dood en met die belofte van die ewige lewe nie. Hier is die doel nie die genadegawe van die ewige lewe en die ewige heerskappy van God nie, — maar om ideale omstandighede te skep om in hierdie wêreld sorgvry en menswaardig te lewe.

Maar nou is dit die paradoks in die bestaan van die Christen op aarde dat hy enersyds op radikale wyse gerig is op die toekoms van ons Here Jesus Christus, maar dat hy andersyds nie as gevolg van sy toekomsgerigtheid, die werklikheid van hierdie lewe ontvlug nie. Die geloof in die eschaton neem die Christen nie weg uit sy konkrete eksistensie in hierdie wêreld nie. Dis juis die elpis, die eskatologiese hoop op hierdie transendente heil, wat die Christene besiel en versterk om in hierdie lewe, as mense van die nuwe aion stand te hou en die lyding en teen-slae van hierdie lewe om te sit in wins. So het die sterk eskatologiese verwagting waaronder die oudste Christene geleef het, hulle nie laat wegvlug uit die werklikheid van die lewe nie. Veeler was hulle verwagting van die salige toekoms, vir hulle juis die krag en besieling onder die node en lyding van die teens-

woordige tyd. Deurdat alle aardse verhoudinge onder eskatologiese beligting gestel is, het die tydelike lewe meer as tydelike betekenis gekry.

Uit die voorgaande het dit wel geblyk dat die Nieu-Testamentiese eskatologie nie as 'n hoofstuk op sigself, as die laaste hoofstuk van die leer, as 'n addendum agterna kom nie, maar dat dit in die geheel van die teologie verweef is, sodat verwaarloosing of verswakking of sekularisering van die eskatologie moet neerkom op 'n verminking van die teologie en die verkondiging. Dit moet neerkom op 'n verkorting van die perspektief tot die immanente werklikheid, op 'n non-aktief van die Christelike hoop wat steeds op die toekoms gerig is, en op 'n afskakeling van die dunamis van die geloof wat bv. Paulus besiel het „om te jaag na die doel, om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus”, Fp. 2 : 14.

En wat die verkondiging betref kan 'n mens dit nie só voorstel, dat die skade ingehaal kan word, deur so nou en dan weer 'n keer oor die eskatologie te preek, om dit dan weer te laat rus tot 'n latere geleentheid nie. Veeleer getuig die hele Nuwe Testament van 'n voortdurende en ononderbroke eskatologiese gerigtheid op die einddoel wat God het met die Skepping en die geskiedenis.

---